

Jan Steyn preek 17 Junie 2018

Teks: Romeine 15:1-13

Tema: Waar kry ek hoop?

Inleiding:

Baie van ons het al Joe Black se liedjie Bring die hoop weer terug, gehoor. Die liedjie raak ons, want hoop is die een ding waarvan ons almal meer nodig het. Ons kan nie sonder hoop nie. Want as jy nie hoop het nie, loop vandag maar net oor na more toe en daar is geen verwagting dat enigiets more beter of anders sal wees as wat dit vandag is nie. **Mense wat nie hoop het nie, het veral drie reaksies:**

Jy raak **agressief**- hoekom is daar so baie breek en brand in ons land? Mense het nie hoop dat iets werklik aan hulle omstandighede kan verander nie.

Jy verval in hierdie **lewensmoegheid en jy gee oor**- hierdie passiewe reaksie op jou omstandighede. Jy kan later nie meer omgee wat van jou word of met jou gebeur nie.

Jy raak **koersloos en verward** en jy raak angstig- jy val rond van een gedagte en een ding na die volgende, maar jy vorder nie juis nie. Jy probeer nog iets doen, maar jy het basies geen fokus nie.

Dit laat my dink aan die dorpie Flagstaff in Amerika wat aan 'n rivieroewer geleë was en elke jaar deur duisende toeriste besoek is. Op 'n dag het die nuus egter gekom dat daar 'n dam in die loop van die rivier gebou gaan word en dat die dorpie binne een jaar onder water sou wees- al die huise, winkels en strate. Die mense het berig ontvang dat hulle nog 'n beperkte tyd toegelaat sou word om daar te woon. Die verandering wat ingetree het was merkwaardig. Die huise het nie meer 'n nuwe laag verf gekry nie, die tuine is nie versorg nie en die vullis is nie meer uit die strate verwyder nie. Immers, het die inwoners geredeneer: Waarom? Dit was of 'n gees van ondergang mense alreeds beetgepak het. Verhoudinge tussen bure het vertroebel, die misdaadsyfer het die hoogte ingeskiet en die mense se sin vir waardes was daarmee heen. Die mense het soos hulle dorpie begin lyk. Sonder hoop. Hulle het immers geen toekoms meer gehad nie.

Hoop is die kompas wat jou laat aangaan. Wat jou die pad vorentoe en die toekoms laat sien.

Maar waar kry ek hoop? Sal hoop kom as die omstandighede in ons land beter lyk? As die damme weer vol is? As Cyril Ramaphosa van al die skelms ontslae kan raak? As die ekonomie weer groei? Hoe help die gedeelte wat ons gelees ons daarmee?

God is die bron van hoop (vers 13) en standvastigheid (vers 4)

Ek dink jy is regtig in die moeilikheid met hoop as jy begin dink dit is iets wat jy hier in jouself moet opwek. Ek moet net harder probeer, ek moet net meer positief dink. Dan kan jou soeke na hoop inderdaad jou meer negatief maak en eenvoudig met totaal uitput en oorweldig. Die tweede gevaar is dat ons sal dink hoop sal kom

as omstandighede in my lewe of in ons land net beter kan raak. Wat as hierdie omstandighede nie verbeter nie? Is hoop dan weg? Die waarheid is dit gaan nooit met almal net goed nie. As dit swaar gaan of sleg gaan, is hoop dan weg?

Die Woord kom troos ons wat dink ons moet hoop hier in onself opwek. Ons kan miskien hoop in onself opwek, maar nie die vaste hoop waarvan die Bybel praat nie. Dit help ook vir diegene wat meen hoop hang saam met goeie of gunstige omstandighede. Dit benoem in vers 13 God as die bron van hoop. Letterlik staan hier die God van Hoop. Wat beteken dit? Dit beteken ware bybelse hoop ontspring nie hier in ons positiewe denke of ons omstandighede nie, maar in Hom. Dit beteken ook ons verwagting kan op Hom gerig wees om ons telkens met hoop te kom vervul. Omdat God die God van hoop of die bron of oorsprong van hoop is, sal die hoop in my en in ons saam al hoe sterker word deur die krag van die Heilige Gees. Iets wat van God kom, kan net deur God volgemaak word.

God is ook die bron van standvastigheid want in Sy liefde en trou sal Hy nie verander nie. Daarom kan ek HOM met my lewe en omstandighede vertrou.

Hoop groei in die grond van die Woord van God (vers 4)

Jy kan met hoop lewe as jy nie besig is met die Woord van God nie. Die standvastigheid en bemoediging wat ons uit die Woord kry, maak ons vol hoop. Die Bybel is die handboek van hoop want ons lees daar van God se liefdevolle besig wees met mense. Dit herinner my ek is een van die mense met wie God in liefde besig is. Deur die Woord te lees ontdek ek nie net God se liefde vir mense van die Bybel wat al lank reeds dood is of vir die mense om my nie. Ek leer in die Bybel van God se liefde vir my. As Paulus sê: Deur die genade van God is ek wat ek is. Dan roep God se Gees in my hart uit: Ek ook! Deur God se genade is ek ook wat ek is! Ek is nie 'n fout nie en ek is nie waardeloos nie en ek is nie oorbodig nie!

Die Woord bring standvastigheid. As God die bron van standvastigheid is, sal Sy Woord ook standvastigheid vir ons gee. Jy het nooit standvastigheid as jy jou lewe laat bepaal oor hoe ander van jou praat en van jou dink en van jou verwag nie. Want dan gaan ander mense jou agenda en prioriteite bepaal. Die Woord vestig wie ek is en wat ek moet doen en hoe ek moet optree in Christus se voorbeeld. My identiteit is in Hom. Soos Tim Keller dit so mooi stel- dis nie achieved identity nie, dis received identity. Wie ek is in die Here en in sy oë is, is ek nie deur iets wat ek gedoen of bereik (achieve) het nie, maar deur wat Hy bereik en gedoen het vir my. Ek kan hierdie genade-identiteit net ontvang (received identity). Dit beteken nie God gaan my aanvaar solank ek goed is en nie opmors nie en as ek dit wel doen, gaan Hy my verwerp nie. In Christus staan ons altyd vas by God en is ons altyd by Hom aanvaarbaar.

Die Woord bemoedig ons ook. Dit vertel my stories van wat God in ander mense se lewens en in gemeenskappe gedoen het en dit bemoedig my. Here as U dit vir hom of haar kon doen, kan U dit sekerlik vir my ook doen. As U vir Israel in die woestyn en tussen al hul vyande kon sorg, kan U dit mos vir ons land en sy mense ook doen. Die Woord leer ons God se beloftes en om my omstandighede vandag te gaan weeg teenoor die grootheid en

getrouheid van God. Dit leer my al wat daar is, is nie net wat ek hier voor my sien nie. My omstandighede of moontlikhede nie. Daar is Hy wat agter my staan. He's got my back!

Hoop groei in gemeenskap- waar mense mekaar aanvaar, mekaar se laste dra en eensgesind is:

Hoop is nie net hierdie lewensingesteldheid in mense nie. Dis ook iets wat werk tussen mense of in die verhoudings tussen mense. Dis maklik om op jou eie en vasgeval in jou eie kop en gedagtes hoop te verloor. Die Here weet dit ook. Daarom plaas God my tussens ander mense om my te dra en te bemoedig. Galasiërs 6:2 stel dit die duidelikste: Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus. Die liefdeswet om mekaar so lief te hê soos wat Hy ons liefhet.

Hier in Romeine 15 word sterkes opgeroep om swakkes se laste te dra. Die swakkes was Christene wat nog aan ou Joodse wette soos rein en onrein kos, sekere feesdae en die nie-gebruik van wyn en vleis vasgehou het. Die sterkes het geweet vir volgelingen van Jesus is hierdie dinge nie meer nodig nie. Maar hierdie twee groepe en ook die Christene uit Joodse en nie-Joodse agtergrond word geroep om mekaar te aanvaar. Om soos Jesus vir hulle die voorbeeld gestel het, nie net aan hulleself te dink nie. Jesus omarm, Hy sluit in, Hy maak die kring van aanvaarding en genade groter en groter. Volgelingen van Jesus behoort dit ook te doen.

Hoop groei waar mense mekaar aanvaar (letterlik verwelkom) en ondersteun en in eenheid leef. In eenheid leef is 'n opdrag- dit kom nie vir ons natuurlik nie. Ons verskil van mekaar- in leer en in manier van doen. Daarom is soort soek soort ons eerste keuse. Om eenheid te soek en daarin te lewe en vas te staan daarin beteken nie die verskille verdwyn nie- hulle kom in perspektief. Hulle is kleinighede teenoor Wie ons in gemeen het. Die Here Jesus ons Koning en Here.

Storie van hoop:

Miskien wil ek net ten slotte stilstaan by wat hoop is. Dis hierdie ingesteldheid of attitude teenoor die lewe en my omstandighede. Die vaste hoop waarvan die Bybel praat word deur God aan ons geskenk. Maar omdat dit hierdie ingesteldheid teenoor die lewe is, of attitude teenoor die lewe is, moet ek ook kies om in hoop te lewe. Jy kan nie in hoop lewe as jy net heeldag fokus op wat verkeerd in jou lewe en in ons land is nie. Hoop laat jou juis ook fokus op dit wat goed en mooi en reg is en waarvoor ons wel oorfloedig dankbaar kan wees. Dis soos geloof- geloof is 'n gawe of geskenk van God aan ons, maar ons moet deurgaans ook kies om in geloof te gaan optree.

Die skole in 'n groot stad het 'n stelsel uitgewerk om kinders wat tyd in die hospitaal moet deurbring, te help om nie met hulle skoolwerk agter te raak nie. Op 'n dag het een van die onderwyseresse wat aan die stelsel verbonde was, 'n oproep gekry om 'n sekere kind te gaan besoek in die hospitaal. Die opdrag wat hierdie hulp-onderwyses gekry het was om hierdie kind te gaan help met werkwoorde en bywoorde sodat hy nie daarmee agter raak nie,

Toe die hospitaal-onderwyses daardie namiddag by die seuntjie opdaag, was sy baie geskok. Daar was 'n misverstand. Die skool het nie vir haar verduidelik hoe ernstig siek hierdie seuntjie was nie. Die seuntjie het so erg verbrand dat hy in groot pyn verkeer het en daar vir sy lewe gevrees is. Die kind se toestand het haar so

ontstel dat die onderwyses deur haar les gestotter en gesukkel het. Sy was oortuig dat sy nie veel verskil gemaak het nie.

Die volgende dag het 'n verpleegster haar voorgekeer: Wat het jy gister met daardie kind aangevang? Die onderwyses was dadelik bang dat sy die seuntjie die vorige dag ooreis het en het begin verskoning vra.

Nee, nee, het die verpleegster haar gekeer. Jy verstaan nie wat ek bedoel nie. Ons was so bekommerd oor hierdie seuntjie, maar vandat jy gister hier weg was, het sy hele gesindheid verander. Hy veg nou terug en reageer op die behandeling- komplete asof hy besluit het hy sal leef.

Twee weke later het die seuntjie wat toe al so herstel het dat hy regop in sy bed kon sit en gesels het, vertel dat hy geen hoop oorgehad het om aan die lewe te bly nie. Totdat die onderwyses die dag daar aangekom het. Haar taalles het vir hom, klein soos hy was, tot een groot besef laat kom en dit het alles laat verander. Hy het wat hy besef het so uitgedruk: Hulle sou tog nie 'n onderwyses stuur om iets so simple soos werkwoorde en bywoorde te kom verduidelik aan 'n kind vir wie daar regtig geen hoop was om te lewe nie, of hoe?

God sou nooit Homself jou Hemelse Vader genoem het, nooit SY Seun gestuur het om vir jou te sterf en nooit SY Gees gegee het om in jou te kom woon en nooit liefdevolle en ondersteunende mense om jou neergesit het as daar vir jou geen hoop was nie, of hoe?

Jy is God se kind. Tel op jou kop. Jy is bedoel vir hoop. Want ons God is die God van Hoop.

Amen